Adverteer @ R30 per advertensie. Bring info (30 woorde of minder) na die kerkantoor voor/op Donderdag om 12:00, skakel 082 829 2062 of epos na gwonderboom@gmail.com.

**Was 'n Woef** mobiele was-eenheid met warm water in die gemak van jou erf. Was, dip + naels knip. Ontwurming opsl. Ons pas ook diere op tydens vakansies.
**Linda 084 344 7993**

**Vrystaat lamsvleis te koop:** Heel lam—R120 p/kg.
Vakuum verpak. Halwe lam—R125 p/kg.
Vakuum verpak.
Los lam tjops (6 per pakkie) —R159 p/kg
Heel boud—R 139 p/kg
Ontbeende lamsrol—R189 p/kg
Lam sosaties gemarineer—R179 p/kg.
Kontak **Susan 083 384 1747** met jou bestelling

**Oondgedroogte sekelbos** te koop @ R 22 'n sakkie.
Kontak **Dawid 078 500 7356** vir jou bestelling

**CLE Finansiële Dienste FSP 12700** Beskerming, spaar, beplanning ens. Kontak ons vir enige raad en bystand rakende sakeversekering, pensioen- en voorsorgfondse, lewensversekering, testamente, effektetrusts, aftreebeplanning, beleggings, ens.
**Carel Hollenbach 082 901 2441**

**R $ £ € FSP 589**
Skakel ons vir inligting, advies en bystand aangaande beleggings wêreldwyd.
**SA Batebestuur 012 567 7657**



# GEBEDSBRIEF
## Wonderboom Ned. Geref. Gemeente
## 23 Januarie 2022

**Besoek ons WEBTUISTE: www.ngkwonderboom.co.za**
**U kan ook hier ons eredienste aflaai.**

Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte- en verrykende ontmoetings met God sal wees!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

| LERAAR | TEMA | TEKS |
|---|---|---|
| Dr Erika van Tonder 09:00 | Maak die Here jou navigator | Eksodus 23:20<br>Ek, die Here, stuur 'n engel voor jou uit om jou op die pad te beskerm en jou na die plek toe te bring wat Ek vir jou reg gemaak het |
| Ds Jannie Hamman Soetdoring 09:00 | Oorwinning?! | Lukas 9:57-62 |
| Ds Corné Randall 18:00 | Wonderkruin Jeugbediening | Registrasie Kategese<br>19:00 |

**Kategese-Registrasie:**

Die registrasie vir die **Junior Kategese** (GrR-6) vind vanoggend na die erediens plaas en die byeenkomste begin volgende week. Ouers kan asb. Na die erediens in die kerkgebou agterbly.

Vir navrae kontak dr. Nelius Steyn (082 890 8820) of Elize Steyn (061 234 5750).

Die registrasie vir die **Senior Kategese** (Gr7-11) is vanaand na die aanddiens by Overkruin.

**Nuwe Intrekkers/Besoekers**

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers! Jy kan gerus na die erediens die predikant voor die kansel kom groet.

**Siekes**
Nora Wallis, Elma van Niekerk, Jumarie Froneman, Ané Froneman, Blackie Swartz, Willie Meintjies en Marelize Cordier.

**Beterskap**
Hennie van der Walt.

**Bedroefdes**
Susan Nel en haar geliefdes met die afsterwe van haar man Anton Nel. Sy roudiens was reeds Vrydag vanuit ons kerkgebou..

**CORONA GEBED:**

Bid vir ons land en wêreld:

349 890 829 mense het wêreldwyd die virus gekry. 278 160 761 (79,5%) het gesond geword en 5 610 176 (1.6%) gesterf.

4 7758 288 565 [61%] van die wéreld is ten volle inge-ent.

In Suid-Afrika het 3 579 428 mense dit gekry,
94 063 (2,63%) gesterf en 3 405 713 (95,15%) gesond geword.

Daar is reeds 29 339 383 inentings in RSA gedoen. (Statistiek Covid Visualizer op 23 Jan 2022 om 06:00)

**Liefdesgawes**

Baie dankie aan elkeen wat getrou 'n offergawe gee! U dankoffers word waardeer!

U kan u dank-offer EFT of Zapper skandeer of 'n koevert by die kerk se posbus ingooi. Ons bankbesonderhede:

NG Gemeente Wonderboom, ABSA Tjek-rekening, Reknr: 526 015 1136 Sinoville Tak 632005.